JUNIE 2008

Trust En Eiendomme? Kyk Na Die Magtiging

Siviele Eise Teen Die Staat – Ses Maande Of Jy Is Uit!

Direkteure: Waak Teen Vertragings Met 'n Aansoek Om Likwidasie

Ingevoerde Goedere – Hou Jou Papierwerk Byderhand

Seksuele Oortreders - Nuwe Verpligting Op Werkgewer

Reg Van Weg: Die Wysiging Van 'n Serwituut

Te Min Sitplekke En Belastingheffings Verswyg – Vlerke Van Lugredery Se Advertensie Geknip

Webwerf Van Die Maand: Bespaar Brandstof, Bespaar Geld

Gestig 1962

HONEY
PROKUREURS

Tel +21 (021) 941 7777 | Faks +21 (021) 941 7800 | www.honeyattorneys.co.za | office@honeyattorneys.co.za

Die inligting in hierdie dokument is van algemene aard en word nie beskou as regsadvies nie

TRUST EN EIENDOMME? KYK NA DIE MAGTIGING

Die Trustees van trusts moet:

- Eerstens, volgens die spesifieke voorskrifte van die trustakte aangestel wees, en
- Tweedens, deur die Meester van die Hooggeregshof skriftelik aangestel en gemagtig word om as Trustees op te tree.

Die Hooggeregshof het onlangs bevind dat ‘n Trustee in sekere omstandighede wel geregverdig sal wees om regsaksie namens die Trust te neem, selfs waar sy aanstelling as Trustee nog deur die Meester gemagtig moet word. Die Hof beskik oor ‘n diskresie om sodanige optrede, in gepaste gevalle, terugwerkend te ratifiseer.

In teenstelling hiermee, sal enige ooreenkoms wat deur ‘n ongemagtigde trustee aangegaan is, in geheel nietig wees. Dit kan ook nie regtens terugwerkend geratifiseer word nie.

Indien jy met ‘n Trust kontrakteer, maak dus seker dat: -

1. Die Meester aan elke trustee ‘n Magtigingsbrief uitgereik het;

2. Die Trustakte die nodige bevoegdheid en magtiging aan die Trustees verleen om die spesifieke ooreenkoms te sluit (magtig die trustakte byvoorbeeld die trustees om sondermeer met onroerende eiendomme te handel of is daar beperkende voorskrifte waaraan die trustees moet voldoen?).

SIVIELE EISE TEEN DIE STAAT – SES MAANDE OF JY IS UIT!

Deesdae lees mens dikwels van slagoffers van onregmatige arrestasie (of slagoffers van aanranding tydens aanhouding) wat suksesvol is met siviele eise teen die gepaste Staatsdepartement. Die howe is ook geneig om wesentlike bedrae as skadevergoeding toe te ken.

Indien jy dit oorweeg om enige saak teen die Staat in te dien (nie net teen die polisie nie), is dit raadsaam om nie te lank te wag, voordat jy regsadvies inwin nie.

Onthou dat jy net ses maande het om die Staat behoorlik kennis te gee van jou voorneme om ‘n eis in te dien. Jy sou wel in uitsonderlike gevalle kan aansoek doen vir kondonasie vir die laat kennisgewing van jou eis, maar dit plaas jou hele eis vanuit die staanspoor op risiko.

‘n Paartjie wat ‘n eis teen ‘n Staatshospitaal wou indien vir die dood van hul baba was onsuksesvol met hul aansoek vir kondonasie. Die hof bevind dat daar nie oortuigende redes aangevoer is,

waarom die voorgeskrewe kennisgewing nie binne die toegelate ses maande periode ingedien is nie.

Dit het beteken dat die meriete van die saak self nie aangehoor kon word nie en dat die eis net daar van die hand gewys is.

DIREKTEURE : WAAK TEEN VERTRAGINGS MET ‘N AANSOEK OM LIKWIDASIE

‘n Maatskappy is by magte om self aansoek te doen vir die likwidasie daarvan. Die maatskappydireksie kan hierdie besluit nie alleen neem nie, en sodanige resolusie moet deur ‘n algemene vergadering van die maatskappy goedgekeur word. So het die Hooggeregshof in Johannesburg onlangs bevind.

Die kennisgewingstydperke en ander voorskrifte bring mee dat daar vertragings in besluitneming gaan wees, op ‘n tydstip waar daar dikwels met uiterste dringendheid opgetree moet word. Direkteure moet dus daadwerklik optree sodra hul bewus raak van ernstige finansiële druk of verwante probleme in hul maatskappy ondervind.

Dit is ook raadsaam vir direkteure om advies in te win oor die voortgesette bedryf van hul maatskappy in uiters moeilike omstandighede. Direkteure kan in uitsonderlike gevalle persoonlik aanspreeklik gehou word vir maatskappyskulde, indien die maatskappy aanhou om handel te dryf en skulde aangaan terwyl die maatskappy se laste sy bates oorskry.

INGEVOERDE GOEDERE – HOU JOU PAPIERWERK BYDERHAND

Indien jy ingevoerde goedere verkoop of daarmee handel, word jy regtens verplig om behoorlike rekeningkundige boeke en stawende dokumentasie by te hou om te wys van wie die goedere aangekoop is.

Doen jy dit nie, loop jy ‘n wesentlike gevaar dat SARS daarop gaan beslag lê
en dat die goedere as onwettig ingevoer aan die Staat verbeurd verklaar gaan word. Dit is presies wat gebeur het in ‘n geval wat onlangs deur die Appèlhof bekragtig is. Hier is beslag gelê op ‘n besending klere ter waarde van
R1 200 000,00 wat volgens die handelaar in China vervaardig is. Die handelaar kon nie die nodige bewyse van die oorsprong van die goedere voorlê nie; SARS het daarop beslag gelê en die hele besending is uiteindelik aan die staat verbeurd verklaar.

Die hof bevestig dat dit die handelaar se plig is om bewyse aan te voer en brondokumentasie voor te lê dat die goedere wettiglik van ‘n invoerder of groothandelaar aangekoop is. Dit is dus nie SARS se plig om aan te toon dat dit nie wettiglik aangekoop is nie.

SEKSUELE OORTREDERS - NUWE VERPLIGTING OP WERKGEWER

Kinders en geestelik versteurde persone verkry binnekort verdere wetlike beskerming teen seksuele misbruik, met nuwe wetgewing wat in Junie 2008 in werking sal tree.
‘n Nasionale Register van Seksuele Oortreders sal binne ses maande opgestel word. Dit sal onwettig wees vir enige oortreder, wie se naam op die register verskyn, om in diens te staan (ook sonder betaling) in omstandighede waardeur sodanige oortreder in aanraking kan kom met kinders of geestelik versteurde persone.

‘n Wye reeks werkgewers kan hierdeur geraak word. Afgesien van ooglopende werkgewers, soos skole en inrigtings, kan mens ook dink aan sportklubs, kerke, mediese praktyke, lugrederye en busdienste, om ‘n paar te noem.
Versuim om aan die wetsvoorskrifte te voldoen is ‘n kriminele oortreding; enige insident wat voorspruit uit sodanige versuim, sal ook aanleiding kan gee tot skadevergoedingseise teen die werkgewer.

Die vereistes en formaliteite van ons arbeidswetgewing sal natuurlik nog steeds van toepassing wees. Begin dus solank voorberei en besluit hoe jou interne beleid toegepas gaan word – met betrekking tot huidige werknemers, sowel as met jou toekomstige indiensnemingsbeleid. Wanneer die Register eers in werking gestel is, sal dit raadsaam wees om te vereis dat voornemende werknemers nie op die register verskyn nie.

REG VAN WEG: DIE WYSIGING VAN ‘N SERWITUUT

‘n Reg van weg kan spesifiek gedefinieer en omskryf word; die serwituut beskryf dus in detail presies hoe die reg van weg uitgeoefen moet word en waar die weg moet loop. Is dit moontlik om hierdie serwituut te wysig waar die ander party beswaar maak teen jou voorgestelde wysiging?

Dit was tot onlangs aanvaar dat dit nie moontlik was nie en dat ‘n wysiging nie sonder die toestemming van die serwituuthouer gedoen kon word nie (die serwituuthouer is die persoon wat ‘n geregistreerde reg van weg oor jou grond het).

Die Appèlhof het onlangs beslis dat ‘n grondeienaar wel eensydiglik ‘n wysiging aan die uitoefening van die reg van weg kan afdwing.

Die vereistes waaraan voldoen moet word, is die volgende:

1. Die grondeienaar word (of sal in die toekoms) op materiële wyse in die gebruik van sy grond verontrief (word) indien die reg van weg volgens die bestaande voorskrifte in werking bly en uitgeoefen word;
2. Die nuwe reg van weg sal nog steeds oor dieselfde eiendom verleen word;
3. Die wysiging sal nie die eienaar van die serwituut benadeel nie;
4. Die grondeienaar sal verantwoordelik wees vir alle kostes verbonde aan hervestiging van die serwituut en aan die beoogde wysigings aan die betrokke titelaktes.

TE MIN SITPLEKKE EN BELASTINGHEFFINGS VERSWYG – VLERKE VAN LUGREDERY SE ADVERTENSIE GEKNIP

In ‘n samelewing waar verbruikers toenemend hul regte afdwing, word blatant misleidende advertensies vinnig uitgewys. Daar word ook opgetree teen misleidende bewerings, hetsy oor die beskikbaarheid van die geadverteerde produk of oor die werklike prys van ‘n item.

‘n Laekoste lugdiens is onlangs aangesê om hul advertensie te onttrek as gevolg van ‘n dubbele verbreking van die Kode vir Reklamepraktyk:

1. Die lugredery kon nie bewys dat ’n redelike getal sitplekke in werklikheid beskikbaar was teen die prys waarteen dit adverteer is nie; en

2. Die lugredery het ook nagelaat om te vermeld dat die prys wat geadverteer is, lughawebelastings en ander heffings uitgesluit het.

   Die Kode vereis dat adverteerders ‘n allesinsluitende prys moet aandui; alternatiewelik moet verbruikers op ‘n prominente wyse daarop gewys word dat verdere kostes en heffings betaalbaar sal wees, bo en behalwe die prys wat geadverteer word.

WEBWERF VAN DIE MAAND: BESPAAR BRANDSTOF, BESPAAR GELD

Met die immerstygende koste van petrol en diesel wat ‘n gat in menigte verbruikers en besighede se sakke (en sake) brand, maak dit sin om verbruik te sny waar dit kan. Deur ‘n paar wenke te volg kan jy jou verbruik met soveel as 25% verminder – en teen vandag se brandstofpryse is dit ‘n klomp geld!

Wees versigtig vir van die advies wat op die internet beskikbaar is; asook vir e-pos wenke wat deur sogenaamde kenners vanuit die brandstofbedryf sirkuleer word.

Kyk gerus na:

- Die Stad Kaapstad se brandstofbesparende wenke op hul webwerf te http://www.capetown.gov.za/en/EnvironmentalResourceManagement/tips/Pages/FuelSavingTips.aspx.
- Vir meer gedetailleerde idees en voorstelle besoek ook www.gaspump-tips.co.za en www.save-petrol.co.uk (Ongelukkig kan ons nog nie die goedkoopste vulstasie opsoek nie; die petrolprys word in Suid Afrika nog deur regulasie vasgestel.)

Tel +21 (021) 941 7777 | Faks +21 (021) 941 7800 | www.honeyattorneys.co.za | office@honeyattorneys.co.za

As u enige verdere navrae het of bystand benodig kontak ons gerus by:

Litigasie:
George de Beer *george@honeyattorneys.co.za*
Nic Barnaschone *nic@honeyattorneys.co.za*
Christo Potgieter *christo@honeyattorneys.co.za*

Kommersiële Afdeling:
Johan Vermeulen *johan@honeyattorneys.co.za*

Eiendom & Aktes Afdeling
Jacques du Toit *jacques@honeyattorneys.co.za*
Danie de Villiers *danie@honeyattorneys.co.za*
Charles Koegelenberg *charlesK@honeyattorneys.co.za*
Bronwyn Brink *bronwyn@honeyattorneys.co.za*

Honey Bloemfontein: Tel: 051 403 6600
Honey Johannesburg Tel: 011 656 1452